## DIE ESSENSIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** riaan.neethling@gmail.com


**ACIM Stad: 20 Junie 19h30**
**ACIM Kolping: 23 Junie 19h30**

**BOEKGROEP**
**Maandag 4 Julie 19h00**
lydia@africagrowth.com
**Marseille 15, Pinehurst**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

________________________________________________

E-Mail________________________________ Sel______________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**MAAK VIR ONS 'N MAANDELIKSE BYDRAE ASSEBLIEF**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vorms is ook beskikbaar indien jy 'n* ***debietorder*** *wil teken*

SnapScan
Download APP vir jou foon. Installeer en gebruik met veiligheid.



# Neo-Spektrum

**19 Junie 2016**

## BEKENDE BYBELFIGURE

## JOHANNES EVANGELIE

## STILTE IN DIE KAPEL

— WHO CAN COMPARE — JESUS CULTURE —

### IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

IN die begin was die Woord,
en die Woord was by God,
en die Woord was God.
Hy was in die begin by God.
Alle dinge het deur Hom ontstaan,
en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.
In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense.
En die lig skyn in die duisternis,
en die duisternis het dit nie oorweldig nie.

En Jesus het omgedraai en gesien dat hulle hom volg
en hy het vir hulle gesê, "Wat wil julle van my hê?"
En hulle het vir hom gesê, "Rabbi, waar gaan U tuis?"
En hy het vir hulle gesê, "Kom, en julle sal sien."

— Johannes 1:1-5, 38-39 —

## STILTE VAN BINNE

***Inleiding*** — Wat maak mense 'tick'; wat maak dat sommige uitstyg bo hul omstandighede; wat is die sleutel tot wysheid? Om ons eie lewensverhaal te skryf en te besluit dat niks jou gaan 'disempower' — stroop van jou innerlike krag en uiterlike vryheid. Drie vrae: (i) wie ek is (ii) wat ek glo (iii) en hoe om met die konsekwensies te leef van dit wat jy glo. Die geskenk van Jesus was om vry te wees in hart en gedagtes en daardeur ander vry te laat (release/forgive) — *a truly free man of faith ...*

**To inspire people, that is the most important thing of all**

=====================================================

### *Lees — Johannes 3:16-17*

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gesond/geheel gemaak kan word.

### *Lees — Johannes 6:26-27*

Dít verseker Ek julle: Julle soek My, nie omdat julle die wondertekens gesien het nie, maar omdat julle van die brood geëet en versadig geword het. Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat nie vergaan nie en wat ewige lewe gee. Dit sal die Seun van die mens vir julle gee, want God die Vader het Hom die mag daartoe verleen.

### *Lees — Johannes 8:12, 15*

Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar die lig hê wat lewe gee. Julle oordeel oor iemand volgens sy uiterlike; Ek oordeel niemand nie.

### *Lees — Johannes 10:10*

Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.

### *Lees — Johannes 11:25-26*

Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?

### *Lees — Johannes 14:6-7, 12*

Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom ... Dít verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan.

### *Lees — Johannes 17:22-23*

Die heerlikheid wat U my gegee het, het ek ook aan hulle gegee, sodat hul een kan wees net soos ons een is: Ek in hulle en U in my, sodat hulle volkome een [met ons] kan wees.



## GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ CAVATINA FROM "THE DEER HUNTER"

— JOHN WILLIAMS ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God,*
*en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God.*
*Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie,*
*want God is liefde.*
*Híerin is God se liefde vir ons geopenbaar:*
*sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur*
*sodat ons deur Hom die lewe kan hê.*
*Werklike liefde is dít:*
*nie die liefde wat ons vir God het nie,*
*maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun*
*te stuur as versoening vir ons sondes.*
*Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het,*
*behoort ons mekaar ook lief te hê.*
*Niemand het God nog ooit gesien nie,*
*maar as ons mekaar liefhet, bly (abides) God in ons*
*en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.*

— 1 Johannes 4:7-12 —

---

## BE THE AWARENESS OF THE PRESENCE OF GOD

~ TAKES MY BREATH AWAY — TUCK & PATTI ~